## Fiets 2000

'n Fiets wat hoog EN ver kan spring,
is 'n ditsemse, datsemse doodlekker ding.
Kom! Raai wat nog skort . . . ja, raai wat makeer?
'n Vuurpyl! Aag, twak jong - net 'n makroveer.



Gee pad! Hier kom ek wippe-wap!
Die bure lag hulle amper slap.
Woer-woer-r-r! trek ek deur die lug;
woep-wap! Strand toe; woep-wap! terug.

"Hoei . . . ! Laai my op!" soebat ou Rob.
"Ha-ha!" lag ek, skud net my kop.
La-a-ank voor die donker my kan haal,
woep-wap! ek toeka tot in Transvaal.